Nagedink oor leierskap in gereformeerde kerkverband

Om oor hierdie saak ‘n klompie sinmakende opmerkings te probeer maak, is geensins eenvoudig nie. Veral nie vir ‘n kerkregtelike leek en sinodale analfabeet nie. Wat dus hier volg is blote perspektiewe vanuit eie ervaring en ‘n bietjie nalees werk.

1 Leierskap in gereformeerde geledere

Die gangbare en aanvaarde patroon van denke oor en praktisering van “leierskap” in gereformeerde geledere is en word direk en kripties uitgespel in die formuleringe van die kerkorde met betrekking tot die ampte en hulle funksionering. Hierdie bepalinge en uiteensettinge is hoofsaaklik vervat in Hoofstukke 2 en 3 van die kerkorde. Die onderliggende denke en benadering wat hierin na vore kom, is die aanvaarding van die norm van die vergadering en die reëlsisteem as bepalend vir die optredes en verantwoordelikhede van die figure daarbinne. Mens kan dit beskryf as ‘n reglementêr bepaalde en daarmee ook vasgestelde (gestolde?) paradigma waarvolgens die deurslaggewende faktor die voorskrifte in die reëlboek is en nie die verantwoordelikheid van die funksionerende persone nie. Dit het die implikasie dat die persone wat in die posisie verkies word van moderator of voorsitter slegs binne die raamwerk van die ordes en prosedures van die vergaderings kan, hoef en eintlik mag optree en hulle funksies verrig ter wille van die gladde, of liewer ordelike verloop van die vergadering. Buite, naas en na afloop van die vergadering het hulle dus eintlik nie ‘n verdere taak of rol om te vervul nie. Hulle optrede en die verwagtinge daaromtrent is in der waarheid streng vergadering gebonde en derhalwe baie ad hoc en afgebroke. Verder is dit die gangbare praktyk en beginsel dat geen persoon wat tot moderator of voorsitter verkies word vir ‘n langer tyd as maksimum 4 jaar in hierdie hoedanigheid as ’n vergaderingsvoorganger mag of behoort te dien nie.

‘n Interessante gegewe is die praktyk dat ander ampsdraers soos skriba (sekretaris) en aktuaris (dis die verkosene wat moet sorg en toesien dat daar nie van die reëlsisteem afgewyk word nie, en derhalwe die reëlsisteem deurlopend toepas of selfs kan afdwing) baie langer hulle posisies kan beklee en selfs meer kontinuïteit in hulle funksionering kan hê omdat hulle eintlik as soge-naamde “kundiges” verkies word en funksioneer. Dit gee blyke van ‘n benadering dat binne gereformeerde denke en praktyk op een of ander manier die administratiewe, besturende, ondersteunende en instandhoudende insette en funksionering belangriker geag word as begeleiding, motivering, visionering en roepingsgetrouheid .

2 Hoekom is die patroon so bepaal en bedryf?

Wat sou mens kon aflei was en is moontlike of werklike draende motiewe daaragter?

Dit is nogal belangrik om ter wille van bietjie begrip hieromtrent pertinent te probeer vra na die motiewe of uitgangspunte wat onderliggend aan hierdie gestaltegewing van die kerklike funksionering was en in ‘n groot mate nog steeds is. Die kerk in sy praktiese bestaansvorme en patrone is immers altyd op die een of ander manier die voorsetting van ‘n bepaalde benadering of tradisie vanuit die verlede. Die keuses, patrone, praktyke, gebruike en regverdigings wat vanuit die 16de eeuse reformasie voortgebring is, het deurlopend ‘n diepgaande invloed bly uitoefen op veral die gereformeerde kerke se manier van inrigting en funksionering. Daarom is dit nodig om net ‘n slag weer kennis te neem van die dieperliggende beweegredes vir die reformasie se manier van inrigting van en gestaltegewing aan die kerkverband. Die volgende aanduiding van ‘n paar motiewe maak nie aanspraak op volledigheid nie en is oop vir teëspraak,

tog kan hulle nie buite rekening gelaat word indien ‘n mens die onderliggende beweegredes vir die huidige manier van kerklike bestuur enigsins beter wil begryp nie.

- **Contra Rome**

Die eerste en klaarblyklik diepste motief vir die inrigting van die kerklike patroon van funksionering was nie teologies nie, maar eerder reaksionêr. Die reformasie was immers nie slegs ‘n poging tot konstruktiewe hervorming van die kerk nie, maar is ook baie diepgaande gemotiveer as ’n reaksiebeweging. Die toestande, geestelik en prakties-teologies, was vanweë die destydse praktyke en patrone in die katolieke kerk nie meer houdbaar nie. Daarom is daarteen gereageer op velerlei maniere. [Om dit te verstaan kan gerus die eerste 11 hoofstukke van boek 4 van Calvyn se Institusie gelees word.] Die reformatore en hulle mede-gelowiges se fokus was om deur middel van hierdie reaksie die kerk te hervorm tot ‘n ware christelike kerk as geestelike tuiste waarbinne die gemeenskap van gelowiges in kontak met en verhouding tot die lewende God self kan leef en aanbid.

Die pous, kardinale en biskoppe met hulle hiërargiese struktuur van dominansie en magsuitoefening in noue verhouding tot die politieke en staatkundige maghebbers van die dag in die prinse, keurvorste en keisers, was vir die reformatore onaanvaarbaar wanneer hulle Skriftuurlik oor die kerk se bestaan, inrigting en funksionering gedink het. Vele protesgeskrifte getuig in geen onduidelike taal hieroor nie.

Opvallend is egter dat in hierdie reaksie teen die pouslike struktuur van die kerk, die reformatore as kinders van die kerk nie terminologies wegbeweeg het van die Roomse perspektiewe nie en voortgegaan het om van kerkregering, kerklike ampte, ampsdraers ens. te praat. Deur hierdie terminologie te handhaaf, het die idee onderliggend voortgeleef dat die bedoeling en betekenis van die Roomse inhoude van hierdie begrippe tog maar op ‘n manier nog geldig is. Calvyn het probeer om in afwisseling van terme soos ampsdraers en ampte ook te praat van dienaars en bedienaars. Die taal wat ons praat is die huis waarin ons leef en deur van regering, reg, orde, gesag, amp, ens te praat word ons denke en praktyke diepgaande gestempel om op bepaalde maniere gestalte te kry en uitdrukking te vind.

- **Handhawing van die gesag van Christus deur Woord en Gees**

As teologiese ontwaking en geestelike beweging het die reformatore probeer om so konsekwent en helder as moontlik te verantwoord dat die Jesus Christus self die Hoof en Here van sy kerk is en as Koning direk en persoonlik oor sy kerk regeer, dit begelei en dit bewaar. Christus alleen het gesag oor en in die kerk en geen ander instelling, instansie en of figuur kan en mag naas of in plek van Christus geag en aanvaar word as gesaghebbend nie. Christus beoefen sy gesag deur die bemiddeling van sy lewende Gees wat in sy kerk teenwoordig is en deur gebruik te maak van die instrument van die geskrewe teks van die Bybel as Woord van God vir die gemeente. Die gesag van Christus was derhalwe van die begin af verstaan en gehandhaaf as 'n verhoudingsmatige gesag, dit wil sê gesag wat teenwoordig en aktief is deur die kerk se verhouding met die lewende Christus self. Dit is dus vanselfsprekend dat wanneer die verhouding tussen die gemeente en haar Heer nie gesond is nie die gesag van Christus oor en in sy gemeente ook skipbreuk lei. [Willie Jonker se monografie oor die regering van Christus in sy kerk is baie verhelderend oor hierdie motief van die Reformasie]

- **Boekdrukkuns**

Boekdrukkuns en die gevolglike vermoë om teen ‘n baie hoër tempo baie meer omvangryke dokumente te produseer en te reproduseer as wat moontlik was in die tyd van handgeskrewe

dokumente het ook geweldige inpak op die patrone en maniere van kerklike inrigting en ordening gehad. Dit was immers baie gemakliker om deur middel van gedrukte skriftelike briewe, kennisgewings, voorskrifte, afkondigings en riglyne te kommunikeer. Besprekings, besluite, opdragte en vergaderingsinligting kon in gedrukte formaat behou en deurgegee word. Dit was dus moontlik om al hoe groter korpusse "amptelike" kerklike dokumente soos kerkordes saam te stel en daarmee 'n rigtinggewende verwysingsraamwerk op te rig as grondslag vir kerklike inrigting en bestuur. Die logistieke moontlikhede het net meer en groter geword as wat gedurende die middeleeuse kerk die geval was.

- **Selfstandigheid van indiwidu**

'n Groeiende bewuswording van die selfstandigheid van die individu was 'n faktor wat te same met die kapasiteite en potensiaal van die menslike rede gedurende die Reformasie toenemende invloed uitgeoefen het op die maniere waarvolgens die samelewings, en ook instellings soos die kerk daarbinne, hulleself begin inrig en beheer het. Die mense was toenemend genoodsaak om te midde van uiters turbulente kerklike en sosiale omstandighede in Europa in die tye van die Reformasie eie keuses te begin maak en besluite te neem. Hierdie ontwaking van 'n sosiaal-psigiese bewussyn van individualiteit, seggenskap en selfstandigheid het by veral die intelligenter lede van die samelewing gevoed op en bygedra tot 'n tweeledige besef, naamlik enersyds 'n groeiende vrees vir oorheersing en andersyds 'n soort gelykstellende en kollektiewe individualisme wat later sou uitloop op 'n regverdiging van groepselfstandigheid wat in die protestantse kerke beslag gekry het in die sogenaamde leer van die *Ecclessia Completa.* Omdat ek as individu self oor my lot en lewe kan besluit is dit ook die geval met die groep, gemeenskap of gemeente waarmee ek assosieer en waarbinne ek my geloof uitleef.

Deur al net hierdie paar onderliggende motiewe in ag te neem en 'n bietjie daaroor na te dink, laat mens besef dat die patrone en maniere van kerklike inrigting en bestuur op geen manier beskou kan word as dat dit direk vanuit die hemele geopenbaar is en daarom van onaantasbare status is nie. Baie meer en baie dieper het menslike reaksies en oorweginge 'n rol gespeel in die beslaggewing daaraan as wat ons sommer sou wil erken.

3. Wat is gebreke wat mens kan opmerk aan hierdie benadering?

● Soos wat reeds hierbo in die opmerking oor die reaksie op Rome gesuggereer is met verwysing na die voortsetting van die terminologie wat gehandhaaf is, is seker die grootste gebrek in hierdie benadering die implisiete voortsetting van wat 'n mens kan noem "regeer en beheer-denke" betreffende die reëling en inrigting van die kerklike funksionering. Ook Calvyn het deurlopend met verwysing na gemeentelike en kerklike figure se funksionering die term "regeer" gebruik wat onvermydelik en onmiskenbaar die konnotasies van erg sekulêre aksies en optredes soos seggenskap, beheer, voorskriftelikheid en selfs dominering met dit saamdra. Klaarblyklik is dit juis hierdie soort onderliggende ingesteldheid wat dan ook subtiel maar tog opsigtelik aanleiding gegee het tot 'n soort vrees vir enige moontlikheid van menslike oorheersing in die uitvoering van die kerklike regering en dit moes ten alle koste verhoed en voorkom word. Eerder laat gelowiges hulle manier van kerkwees beheer en reguleer deur reëls en voorskrifte as om hulle deur ander medegelowiges te laat begelei.

● Heeltemaal in ooreenstemming met die gangbare samelewingspraktyke van die dag en tyd, wat met die ontwikkeling van die 17de eeuse "Verligtingsdenke" net al hoe meer rasioneel en formeel begin raak het, is die premie en prioriteit in die kerke van die Reformasie in die tyd van die ortodoksie gekonsentreer op "orde en reëls" in plaas van 'n "roepings- en begeleidings benadering". Uitvoerige teologiese funderings hiervoor het dan ook binne die vakterreine van

die kerkreg en kerkregering begin om die lig te sien. Dit was 'n ontwikkeling wat in terme van skerpsinnigheid en omvattendheid nogal goed kon kers vashou by die ontwikkeling van die sekulere regspleging en wets-ontwikkeling. In hierdie verband is veral een "kontekstueel-ontmande" teks te wete 1 Kor. 14:33 as "locus classicus" tot in die ekstreme ontgin en benut as "fundamentum inconcussum" vir die teoretiesering oor kerklike inrigting en regering. Toenemend moes alles "gepas en ordelik" verloop en die beste manier om dit te verseker was deur 'n groeiende korpus ordereëlings.

● Alhoewel Calvyn in hoofstuk 3 afd. 10-16 van boek 4 van die Institusie veel gewag maak van die roeping (uiterlik en innerlik) bevoegdheid en bevestiging van die bedienaars vertoon die latere praktyke en patroon van verkiesing van sogenaamde ampsdraers tydens vergaderings geen konsekwente deurwerking van hierdie teologiese beginsels meer nie. 'n Mens kan byna beweer dat tans by enige en alle kerklike vergaderings, van kerkraad tot algemene sinode, daar nie meer werklik sprake en bewussyn van die onderskeiding, verstaan en aanvaarding van roeping, besef en verantwoordelikheid is nie. Alles gebeur maar by wyse van demokratiese verkiesings-prosedures wat met inleiding van gebed op implisiete aanvaarding van die "te-hope" leiding van die Gees so effektief moontlik afgehandel word.

● Ten diepste weerspieël die praktyke van verkiesing en "aanwending" van persone in kerklike ampsfunksies volgens hierdie benadering 'n diepgaande gebrek aan vertroue in mekaar as medegelowiges en uiteindelik ook in die Here van die kerk. Ons vertrou net nie dat mense regtig kan hoor en aanvaar dat dit die lewende Here self is wat hulle op 'n spesifieke manier roep en beopdrag om vir 'n bepaalde tyd in 'n gegewe omstandighede die verantwoordelikhede van leidinggewing van sy gemeente onder die aktiewe regering van sy Gees en Woord te aanvaar nie. In plaas van vertroue domineer vrees vir mekaar en vir allerlei onvoorsiene gevolge ons denke en optredes wanneer dit kom by denke oor en uitoefening van die leiding van die kerk.

● 'n Opsigtelike en al hoe erger wordende gebrek aan hierdie benadering is dat die hedendaagse geestelike uitdagings en Koninkryksverantwoordelikhede in die snel ontwikkelende wêreld net daagliks uitwys dat hierdie soort kerklike funksionering en "bestuurspraktyk" 'n uiters ondoelmatige patroon is. Soos in baie ander samelewingsverbande het die vergaderingsgedrewe regulerings-patroon toenemend versand in 'n burokratiese stelsel van onpraktiese vergaderings, oneffektiewe kommissies en gevolglike papieroorloë wat nie regtig bydra tot dinamiese en verantwoordelike kerkwees nie. Patrone en praktyke wat 20-30 jaar gelede met 'n redelike mate van sukses in 'n enigsins bekende en homogene kultuur en samelewing gewerk het, is tans heeltemal obsoleet.

● Omdat reformatoriese kerkverbande nie in hulle inrigting en funksionering kon of wou aanbeweeg in prosesse van ontwikkeling van leierskapsdinamika nie het dit die slegte gevolg dat daar eintlik 'n massiewe leierskapsvakuum gevorm het. Funksionarisse, ampsdraers, voorgangers, of wat 'n mens ook al die vergaderingsuitvoerders wil noem, ervaar nie en verstaan dus ook nie hoe geestelike en roepingsgehoorsame leierskap veronderstel is om plaas te vind nie. In hierdie opsig is die potensiaal aan leierskap en leiers derhalwe in die georganiseerde of institusionele kerkverbande versmoor. Daarom het geestelike leierskap beslag gekry deur die inisiatiewe en praktyke van Koninkryksdiens wat in die laaste helfte van die 20ste eeu byna totaal oorgegaan het in die hande van nie-denominasionele en para-kerklike diensorganisasies en independente gemeentes wat aangedryf is en word deur allerlei visies en missies. Die reformatoriese kerkverbande het vasgeval in 'n volslae "maintenance"-paradigma en sukkel om tans op 'n bykans heeltemal nuwe manier die wesenlike identiteit van die kerk as missionale ge-

loofsgemeenskap herontdek om in beweging te kom. Die kerk se krisis is heel opsigtelik ook ‘n intense leierskapskrisis.

4 Die Bybel

Die Bybel en dus die God van die Bybel praat natuurlik met betrekking tot leierskap ‘n heeltemal ander taal as kerkordes.

Die Skrif waarby gereformeerde gelowiges en kerke bely dat hulle leef, wemel letterlik van begin tot einde in geen onduidelike taal van gegewens oor God se verhoudinge met en gebruikmaking van gewone mense om daadwerklik sy geloofsgemeenskappe te lei nie. Die terme lei, leiding, leier en begelei kom net male sonder tal meer in die Bybel voor as regeer, reëls, orde, vergaderings en prosedures. Die saak van leierskap in ‘n wye spektrum van dimensies en aktiwiteite is ‘n deurlopende gegewe in die Bybel. En telkens wanneer daar oor lei en leier gepraat word is daar begrippe soos roep, aangestel, gekies, beveel en gehoorsaam ook aan die orde.

Om hoegenaamd te probeer om leiers en leierskap in die Bybel omvattend en deeglik te bespreek, is ‘n onbegonne taak. Daar het gelukkig al sedert Richards en Hoeldtke se baanbrekerswerk in 1980 verskyn het, verskeie ander uiters leesbare werke hieroor die lig gesien wat met vrug geraadpleeg kan word.

Eksegese en hermeneutiese perspektiewe oor die verskeidenheid van perikope en uitsprake rondom leiers en leierskap bied fassinerende gegewens en interessant genoeg spoor mens ook nogal soms preekliteratuur rondom hierdie saak op.

Om slegs enkele fasette rondom die saak van leierskap in die Bybel aan te raak kan kortliks op die volgende aspekte gewys word:

- Leiers in die Bybel ontvang feitlik oorwegend hulle roeping en opdrag van die Here God self. Die praktiese prosesse van ontvangs van roeping tot leier gebeur op verskeie maniere soos bv. van ‘n brandende bos (Moses), opvolgingsgesag (Josua en al die konings na Dawid), Godsverskynings en tekens (Gideon), persoonlike aanspreek (Samuel as jeugdige, Petrus, Paulus), priesterlike salwing (Saul en Dawid) om ‘n paar te noem.

- Roeping tot leierskap deur die Here word te midde van verskillende omstandighede en tye in die mense van die geloof se lewens te weeg gebring soos bv. slawerny (Moses); vyandige onderdrukking (Rigters); geestelike verval en verwildering (Samuel en profete); ballingskapsherstel (Esra en Nehemia), ens.

- Leiers in die Bybel word met ’n verskeidenheid van uiteenlopende take beopdrag en tree op dienooreenkomstig hulle verstaan van hulle roeping in ‘n gegewe konteks en situasie. So kan bevoorbeeld agtergekom word dat: Moses as bewegingsleier; Priesters as aanbiddingsleiers; Aäron en Leviete kultiese tussengangers en sakrale leiers; Josua as verowerings en millitêre leier; Rigters as reddingspogingsleiers; die konings as bestuurs-, administrasie en beskermings leiers; Esra & Nehemia as herstel en opbouleiers; die profete as teologiese en motiveringsleiers; die apostels as missionale leiers en leraars as gemeenteleiers hulle roepings aanvaar en gehoorsaam.

- Leiers in die Bybel tree ook op volgens ‘n verskeidenheid van style soos direktiewe kommunikasie en ook delegering van take (Moses); praktiese voorbeeldstelling (Gideon, Dawid e.a); vermanende appelering en teregwysing (profete); insluitende konsultasie (Paulus in Hd 15); samewerking en spanleierskap (dissipels en ook Paulus en Barnabas) ens.

Hierdie verwysings na 'n klompie Bybelse perspektiewe is uiteraard uiters kripties en oorsigtelik, dit sal beslis die moeite werd wees om baie meer indringend eksegese en hermeneuse te beoefen rondom hierdie gegewens.

5 Waarom is dit nodig om nou na te dink oor leierskap in gereformeerde kerk-verband?

In die voorlaaste paragraaf is opgemerk dat die kerk in die breë tans in 'n baie ernstige leierskapskrisis verkeer. Nie slegs gaan dit oor persone as leiers nie, maar ook en veral oor die aard, inhoud en praktyke van die saak van leierskap. Daar is nogal in die afgelope tyd toenemend gepubliseer rondom die saak van leierskap en daar is regtig 'n verskeidenheid baie leesbare boeke beskikbaar. Om net enkeles te noem kan verwys word na Granberg-Michaelson – Leadership form within; Gibbs – Leadership Next; Roxburgh – The Missional Leader; Stanley – Die nuwe generasie leier; Wood – Extraordinary leaders in extraordinary times;

Deurlopend in hierdie en verskeie ander publikasies, is die tema dat die geloofsgemeenskappe op verskeidenheid van vlakke uiters mank gaan aan egte gefokusde geestelike leierskap. Daar is klaarblyklik baie funksionarisse in die kerk maar uiteindelik min tot geen leiers.

Ook opvallend is die duidelike vertrekpunt dat leiers in die kerklike konteks nie gedink of gesien moet word as direk eweredig aan regeerders of base soos wat merendeels in die sekulêre wêreld die geval is nie. Daar is geen menslike baas of koning van en in die kerk nie, Christus is die Heer in Wie se diens ons staan. Heel tereg word beklemtoon dat Christus alleen "regeer" sy kerk in die sin van "beheer", besluit, beopdrag en bepaal deur sy Gees en Woord

Ook het die aard en werking van geestelike leierskap veel meer te make met wie die leiers is as wat hulle alles kan doen. Die karakter en spiritualiteit van die geroepe leiers is die deurslaggewende faktore in hulle gehoorsaamheid aan hulle roeping.

Verder kan, mag en moet leiers net in die kerk funksioneer as gevolg van roepingsverstaan en aanvaarding – Die Here roep leiers. Hulle roeping is dan ook hulle goddelike mandaat en verantwoordelikheid.

Leiers is primêr en wesenlik dienaars wat voor God verantwoordelik is vir die begeleiding van sy Kerk in gehoorsaamheid, getrouheid en diensbaarheid.

Daarom is die gesag en outoriteit van leiers hulle diensvaardigheid, toewyding en integriteit.

6 Wat behels hierdie beginsel-perspektiewe op geestelike leierskap in die praktyk van leierskap binne 'n gereformeerde kerkverband?

In die lig van die Bybelse profiele en resente literatuur kan die volgende klompie praktiese optredes en verantwoordelikhede van geestelike leierskap in ons dag en tyd aangedui word. Geestelike leiers in gemeentelike en verbandsopset is daarvoor verantwoordelik om:

- Geestelike diepgang en deurleefde spiritualiteit te modelleer;
- Evangeliese energie, hoop en vooruitsigte te proklameer
- Teologiese raadgewing, voorligting en begeleiding te gee;
- Onderskeiding, interpretasie en insig in die tendense en gerigthede van die tydsgewrig, omstandighede en bewegings.
- Hermeneutiese en begripstigtende kommunikasie inisieer, fasiliteer en stimuleer oor sake van kerklike, gemeentelike en ook gemeenskapsbelang

● Groepsprosesse op geestelike wyse te begelei dws byeenkomste, vergaderings, samesprekings, konferensies ter wille van die daadwerklike onderskeiding van God se wil en roeping in bepaalde omstandighede en situasies te fasiliteer;
● Die sorg, deernis en betrokkenheid van God by die nood van lydendes in samelewings te bemiddel deur identifisering en stimulering van hulpinisiatiewe;
● Profetiese vertolker van God se wil vir gemeentes, samelewings en owerhede in bepaalde tye en omstandighede;
● Iets van elk van die rykdom van Bybelse leierstyle (behalwe militêr) op 'n dienende wyse vashou en praktiseer na gelang van die inhoud en aard van hulle spesifieke roeping.

➔ **Wie is instaat hier toe?**

Dit moet mens mos vra as die vlag gehys is. Wie gaan die vrag laai en dra?

● In der waarheid niemand nie. Nie formele ampsdraers nie en ook nie prosedureel korrek verkose voorsitters nie. Allermins is dit moontlik vir 'n gemeenteleraar in ons huidige opset om hierdie soort roepingsdiens te lewer in die samelewing waarbinne 'n kerkverband teenwoordig is. Dalk is dit tans een van die mees verstaanbare verklarings hoekom kerke oor die spektrum heen wat nie voltydse, gefokusde en geroepe leiers in diens het nie, nie eintlik as teenwoordig en saakmakend binne samelewings geag word nie. Die naasbeste wat ons kan doen is om ten minste deeltyds sodanige persone se diensbaarheid beskikbaar te maak deur van hulle tyd uit te koop om te same met voltydse administratiewe leiers hierdie roepingsverantwoordelikhede te probeer nakom. Daarom is dit verantwoordelik en nodig om 'n moderator se tyd uit te koop sodat sy of hy as geroepe leier kan fokus op spesifieke take, verantwoordelikhede en opdragte van die kerkverband wat deur geloofsonderskeiding as roeping vir die kerk van die Here ontvang is. Hierdie leierskapsroeping behoort met die heelhartige deelname en volgehoue insette van medesusters en broers gehoorsaam te word.

● Nou hoe nou? Ons is in 'n sekere sin leierlose leiers in 'n leierskap behoeftige wêreld. Ons is en word nie diepgaande gevorm sodat ons kan groei in die roeping tot leierskap nie. Dit is egter ons diepgaande oortuiging dat die tyd en omstandighede se leierskapsbehoeftes ons bring voor die opgawe om te begin om die beoefening van leiding binne kerkverband met dringendheid en entoesiasme na te streef. Ons glo dat die Godgegewe potensiaal in die mense van Christus se kerk teenwoordig is. Die kerkverband het die verantwoordelikheid om die ontluiking en groei daarvan te laat posvat en ontwikkel.

7 Nou wat is dan die funksie van die Kerkorde?

Die kerkorde kan en mag nie 'n onverhandelbare voorskrif vir kerkregering en bestuursfunksionering wees nie. Dit was dalk nooit bedoel om so iets te wees nie, maar het dit geword deur al te menslike wanhantering en misbruik daarvan. Ook is die kerkorde nie 'n kerklike wetboek waarvolgens geoordeel en gestraf mag word nie. Inteendeel. Die kerkorde is 'n staf om mee te gaan en nie 'n stok om mee te slaan nie. Ten diepste is enige en alle kerkordes bedoel om verwoordings van 'n diepliggende eensgesindheid oor gemeentes se reëlings vir onderlinge samewerking in die uitlewing van hulle roepingsgehoorsaamheid te wees.

Dr JC Woest
Ds SW Pienaar
Oktober 2008